# Gesels saam

GRAAD 7-10

## WELKOM

Speel 'n speletjie van geluk en ongeluk saam. Bring 'n pak lekkers (klein lekkers soos jellieboontjies sal goed werk) en 'n dobbelsteen saam. Besluit wie in die groep gaan eerste die dobbelsteen gooi (dalk die jongmens wat mees onlangs verjaar het). Laat elkeen dan 'n beurt kry om die dobbelsteen te gooi. Elkeen mag soveel lekkers vat soos wat op die dobbelsteen wys. Party jongmense gaan meer kry en ander minder. Dalk gebeur dit selfs dat die lekkers op is voordat almal in die groep 'n kans gehad het om te speel.

Gesels saam:

- Wie van julle het baie lekkers gekry? Hoe voel julle daaroor?
- Wie van julle het min lekkers gekry? Hoe voel julle daaroor?
- Wat kan ons doen om die speletjie regverdiger te maak?

In vandag se teksgedeelte voel een van die karakters dat die lewe nie regverdig teenoor hom was nie.

## WONDER

Lees Genesis 4:1-16 saam.

Gesels saam:

- Watter emosies dink julle het Kain ervaar?
- Hoe sou julle opgetree het as julle in Kain se skoene was?
- Dink julle omdat God nie Kain se offer aanvaar het nie, Hy ook nie meer vir Kain aanvaar het nie? Hoekom sê julle so?
- Kain sê dat hy nou vir God moet wegkruip, maar God beskerm vir Kain, al het hy 'n groot fout gemaak. Wat sê dit vir ons van hoe God teenoor ons optree wanneer ons foute maak?

## WEES

Laat die jongmense aan iets dink waaroor hulle spyt is – 'n fout wat hulle gemaak het en nie kan terugvat nie. Hulle hoef dit nie met die groep te deel nie.

Gee vir hulle kans om op hulle eie 'n simbool te teken wat hulle herinner dat God se genade groter as hulle foute is.

Gesels saam:

- Hoe voel dit om te weet dat God nie net straf nie, maar jou ook beskerm en selfs 'n tweede kans gee?

WEGSTUUR

Hou hierdie week 'n emosie-joernaal. Jy kan saans neerskryf hoe jy deur die dag gevoel het, en jouself 'n punt uit tien gee vir hoe jy jou emosies beheer het. Eindig elke dag se inskrywing deur drie dinge neer te skryf waarvoor jy daardie dag dankbaar is.